


LAERSKOO HENDRIK LOUW



**BELEID:
SPORT**

Inleiding

Die doel van die sportbeleid vir Laerskool Hendrik Louw is onder andere om:

- Riglyne daar te stel sodat die optrede van die personeelafrigters en ouers langs die sportveld altyd professioneel sal wees.
- Die beeld van die skool uit te bou en te bevorder.
- 'n Beleid daar te stel ten opsigte van sportdeelname, afrigting, spankeuses en ouerbetrokkenheid by afrigting.

Sportbeleid: Doelwitte

Laerskool Hendrik Louw onderskryf die volgende:

- Daar word gestreef om elke kind se talent op sportgebied maksimaal te bevorder.
- Daar word gestreef om massadeelname te bevorder deur spelers die geleentheid te bied om met alle sportkodes kennis te maak en daaraan deel te neem. Die skool streef om elke leerder te kry om deel te neem aan minstens een somer- en een wintersport.
- Die keuse tussen die onderskeie somerkodes en wintercodes word ten sterkste ontmoedig omdat:
 - * dit die betrokke sportkodes sal verswak en deelname van swakker deelnemers kan ontnem;
 - * die laerskool die klem plaas op deelname en nie spesialisasie van 'n spesifieke sportkode nie.
- Die skool sal nie toelaat dat enige ouer of instansie enige persoon betrokke by sportafrigting en organisering by Laerskool Hendrik Louw, viktimiseer ten opsigte van enige aspek rakende die bestuur van skoolsport nie.
- Daar word gestreef om ouerbetrokkenheid ten opsigte van sport uit te bou en te bevorder.
- Daar word gestreef om die deelnemers aan sport die beste moontlike geleenthede te gee om die sport te beoefen.

Sportoefeninge

- Alle oefeninge moet streng volgens die tye soos op die buitemuurse program geskied. Indien daar enige veranderinge t.o.v. oefentye gedoen word, moet goedkeuring van die kodehoof, skoolhoof, sportkoördineerder vroegtydig verkry word en moet die betrokke veranderinge vroegtydig aan die leerders en ouers d.m.v die D6-Communicator en/of heelskool intercom afkondiging gekommunikeer word. Geen mondelinge reëlins nie.
- Afrigters moet nie oefeninge onnodig verkort of verleng nie. Stel betrokkenes in kennis van so 'n reëling.
- Die afrigter is verantwoordelik vir die beheer van die oefeninge en die kies van die spanne. Die professionele oordeel en regverdigheid van die afrigter word hier hoog op prys gestel.

- Wanneer 'n afrigter 'n betrokke oefening nie kan bywoon nie, word die verantwoordelikhede direk na die hulp-afrigter oorgedra óf die afrigter moet 'n toepaslike afrigter in sy / haar plek reël, sodat oefeninge normaalweg kan voortgaan. Alternatiewelik, moet die leerders en ouers ten minste die vorige dag skriftelik in kennis gestel word van enige veranderinge en/of kansellasies. Die kodehoof en sportoördineerder moet kennis van dié aksie dra.
- Wanneer oefeninge in die geheel gekanselleer word, moet dit vroegtydig geskied. Afrigters moet verseker dat almal in die oefengroep die boodskap duidelik ontvang. Kansellasië van veral die Grondslagfase-spanne moet skriftelik deurgegee word en/of d.m.v die D6-Communicator. Die sportkantoor moet kennis van die aksie dra.
- Wanneer oefeninge op kort kennisgewing gekanselleer word, bv. a.g.v weerstoestande, moet 'n boodskap na klasse gestuur word en 'n boodskap op D6 moet dadelik aan die ouers gestuur word. Betrokke leerders moet die geleentheid gebied word om hul ouers te skakel, indien nodig.
- Die skoolhoof moet goedkeuring vir sodanige kansellasies verleen.
- In die geval waar daar nie betyds reëlins vir die kansellasies van die oefeninge getref kon word nie, is die afrigter verantwoordelik vir die leerders en moet hulle onder sy / haar toesig bly tot die aanvanklike oefentyd verby is, of tot hulle afgehaal word.
- Afrigters moet die sportoördineerder verwittig van enige veranderinge en kansellasies van oefeninge, indien daar enige navrae sou wees van ouers. Sodoende word verwarring uitgeskakel. Die Sportoördineerder moet kennis dra en op hoogte gehou word.
- Die afrigter en ander betrokke by afrigting moet ten alle tye korrek geklee wees soos gepas vir sportafrigting.
- Indien daar 'n leerder tydens die oefening 'n besering opdoen wat van so 'n aard is dat dringende aksie en aandag verlang word, maar die afrigter nie hulp het om met die res van die leerders te oefen nie, moet die oefening gestaak word. Daar moet eerstens na die welsyn van die beseerde omgesien kan word. Geen leerder word na die sportkantoor gestuur nie – die afrigter hanteer die situasie.
- Elke afrigter wat in beheer is van 'n span, moet al die spelers se ouer(s) se kontakbesonderhede byderhand hê, asook GB sec 021 856 0214 en ER24 se noodnommer 084 124 op hul selfoon gelaai.

Sportwedstryde

- Afrigters moet toesien dat elke speler presies weet wat die wedstrydreëlins behels. o/7 tot o/13 moet in kennis gestel word van die volgende: opponente, datum, plek, tyd, vervoerreëlins en hoe laat die wedstryd eindig, of hoe laat die leerders terug by die skool sal wees. Afrigters moet kan bewys lewer dat speler en ouers van spelers kennis ontvang het van die bogenoemde deur middel van 'n skrywe, of elektroniese boodskap (D6+ of Whatsapp).
- Reëlins vir 'n wedstryd moet ten minste twee dae voor die wedstryd aan die leerders gegee word, veral as die wedstryd oor 'n naweek gespeel word.
- Afrigters is ten alle tye verantwoordelik vir sy/haar eie span.

- Indien daar nie skoolvervoer beskikbaar is nie, moet die kodehoof/sportkantoor alternatiewe reëlings tref om die spelers na en van die opponente te vervoer. Die afrigters moet verseker dat alle spelers vervoer terug na die skool het.
- Afrigters moet toesien dat hul betrokke span goed opgewarm is voor die aanvang van die wedstryd.
- Tydens rustyd moet slegs die betrokke afrigters met hul spanne 'n spanpraatjie gaan hou.
- Geen kritiese opmerkings mag teenoor die skeidsregter of 'n speler tydens of na die wedstryd gemaak word nie
- Afrigters moet leerders en ouers wat hul skuldig maak aan onweloweglike gedrag langs die veld of baan, vriendelik tereg wys.
- Daar moet ten alle tye opgeleide noodhulp teenwoordig wees by formele wedstryde vir **kontak sport**. Geen wedstryd mag voortgaan daarsonder nie;
- Die reël van sportdae is 'n spanpoging van die kodehoofde en sportkantoor.

Spankeuses

- A-spanne sal op meriete gekies word. Die afrigter wat die span afrig, neem die finale besluit oor spankeuse.
- B- en C-spanne word roteer, indien getalle dit toelaat, sodat deelname aangespoor kan word. Indien daar min geleenthede vir wedstryde is, of die opponente net een span het, kan selfs A-spanspelers geroteer word.
- Ouers het geen insae by spankeuses nie en mag nie afrigters direk oor spankeuses nie. Indien daar vrae is, moet die ouer 'n afspraak maak met die kodehoof deur kontak te maak met die sportkantoor.
- Leerders wat nie opdaag vir oefening sonder 'n geldige rede of deur vooraf te maak by die afrigter of sportkantoor nie, mag hul nie gekies word vir die volgende wedstryd nie. Spesiale vergunning mag slegs deur die sportkoördineerder gemaak word. Leerders wat die vorige dag afwesig was, kan nie die volgende dag speel nie, veral nie op Saterdag nie; tensy 'n doktersbrief wat die leerder as fiks en gesond verklaar, getoon kan word.

Ouerbetrokkenheid: Afrigting

Die volgende reëlins geld waar 'n ouer help met afrigting van 'n spesifieke sportsoort:

- Die opvoeder aan wie die ouderdomsgroep toegewys is, bly die verantwoordelike persoon vir daardie spelers.
- Die opvoeder bepaal die oefentye volgens die buitemuurse program.
- Die opvoeder bly die hoof-afrigter en die opvoeder is verantwoordelik vir die spankeuses.
- Die ouer moet berus by die besluite en keuses van die opvoeder;
- Die ouer is daar om te help met afrigting. Die bestuur is suiwer die opvoeder se verantwoordelikheid

- Geen ekstra oefeninge, wedstryde of toere mag deur die ouer sonder die toestemming van die opvoeder in beheer gereël word nie.
- Wanneer oefeninge vanweë onvermydelike omstandighede, soos swak weerstoestande, gekanselleer word, moet die ouer daarby berus.
- Ouers wat help met afrigting moet, net soos opvoeders wat afrig, hulle weerhou van opmerkings op sosiale media en verseker dat positiwiteit teenoor die opvoeder, span en spelers behou word.
- Die ouer betrokke by afrigting moet korrek geklee wees in sportdrag.
- Afrigters en die ouer betrokke by afrigting moet entoesiasies en voorbereid na die oefeninge kom en die oefentyd produktief gebruik.
- Die ouer betrokke by afrigting moet hom of haar ten alle tye onderwerp aan die algemene beleid en sportbeleid van Laerskool Hendrik Louw.

Ouerbetrokkenheid: Wedstryde

Laerskool Hendrik Louw verwag die volgende van die ouers.

- Ouers moet ten alle tye positief teenoor die sport, afrigters, deelnemers en spanne wees.
- Ouers moet hulle weerhou van gonsgroepe en negatiewe praatjies rakende enige aspek van Hendrik Louw Sport.
- Ouers moet hul kinders motiveer om aan sport deel te neem, omdat dit 'n integrale deel vorm van die kind se opvoeding.
- Ouers moet sover moontlik hul kinders langs die sportveld en baan tydens wedstryde ondersteun.
- Ouers se gedrag langs die veld en die baan moet altyd onberispelik wees. Hendrik Louw wil trots wees op sy afrigters, leerders, sowel as ouers.

Borgskappe:

Laerskool Hendrik Louw wil almal wat sport so getrou ondersteun in die vorm van borgskappe, opreg van harte bedank.

Ons wil poog om alle sporte op regverdige en gelyke basis by Hendrik Louw te bestuur.

Die volgende reëlins rakende sportborgskappe:

- Enige kontantbedrae wat deur 'n instansie of persoon aan Laerskool Hendrik Louw se sport geskenk word, word in 'n algemene sportrekening inbetaal.
- Daar mag 'n versoek vanaf die donateur wees ten opsigte van die aanwending van die borgskap, maar die finale besluit berus by die kodehoof, sportkomitee en die skoolhoof.
- Daar moet, met die toestemming van die donateur, 'n bedanking d.m.v sosiale media aan die donateur gedoen word.

- Wanneer 'n borg 'n donasie maak in die vorm van klerasie vir 'n spesifieke sport of sportspan, sal die versoek deur die kodehoof, die afrigter, sporthoof en die skoolhoof behartig word. Spesifieke voorskrifte soos bepaal in die sportbeleid sal hier geld. Dis is baie belangrik hier dat die aksie deur die sportkantoor, bemarker en skoolhoof hanteer word.

Borgskappe: Klerasie & Toerusting

Laerskool Hendrik Louw strewende daarna om op sportgebied en in die verskeie sportkodes so eenvormig moontlik te wees.

Die volgende reëlings ten opsigte van sportklerasie geld:

- Die o/13 spanne van rugby, netbal, hokkie, tennis en skaak word die geleentheid gegun om hul unieke sportdrag tydens wedstryde te dra.
- Alle spanne vanaf o/7 tot o/12 moet so eenvormig moontlik in elke afsonderlike sportkode wees.
- Borgskappe ten opsigte van die verskaffing van klerasie, moet in lyn wees met die amptelike dragkode van die betrokke sportkode.
- Enige wysigings, asook die vertoning van die borg se naam, moet bespreek word deur die kodehoof, afrigter, sporthoof en skoolhoof.
- Die klem moet altyd op die skool val en nie op die belangrikheid van die borg nie, met ander woorde, daar moet gewaak word teen die oorbeklemtoning van die borg op die kledingstukke.

Erekode

Die mededingende deelnemers onderneem plegtig om hulle klere tot eer van hulle skool en onderskeie spanne te dra en op te tree:

- Met ywer sonder naywer
- Vasberade maar beleefd,
- Met entoesiasme en nederigheid,
- Met alle krag, maar altyd menslik,
- Die hoofsaak in die lewe is nie die oorwinning nie, maar die volharding, nie die vrug nie, maar die strewende, nie die loon nie, maar die gesindheid.
- Die vormende waarde van sport kan ook vir hom wat verloor soms baie beteken, want menige wenner beleef in sy oorwinning sy grootste nederlaag en menige verloorder verlaat dikwels die strydperk as oorwinnaar oor homself – geestelik geskool en gesterk.

Sportkomitee


Skoolhoof
SBL-verteenwoordiger
Sportorganiseerder

Sportkodes

Laerskool Hendrik Louw bied die volgende sportkodes aan:

- Atletiek: o/7-o/14
 - Skaak: o/7-o/14
 - Krieket: o/7-o/13
 - Tennis: o/7-o/14
 - Hokkie: o/7-o/14
 - Binnenshuise hokkie: o/12 & o/13
 - Netbal: o/7-o/13
 - Rugby: o/7-o/13
 - Cheerleading
- Elke kode word georganiseer deur 'n aangewese kodehoof. Die mini-sport van elke kode het ook 'n organiseerder. Die kodehoof moet ook 'n assistent aanwys wat die kodehoof help en ook opgelei word om oor te neem.
 - Indien 'n onderwyser/afrigter 'n nuwe sportkode wil stig by die skool, moet hulle 'n volledige voorlegging bied aan die beheerliggaam.
 - Die voorlegging moet die volgende vrae beantwoord:
 1. Hoeveel wedstryde kan gereel word of is daar 'n liga om aan deel te neem en watter dae sal die wedstryde plaasvind?
 2. Watter ouderdomsgroepe kan deelneem?
 3. Is daar genoeg bekwame afrigters wat die sportsoort kan afrig met die aanvang en is daar afrigters/organiseerders wat die sport kan vorentoe neem, indien die stigter ons skool verlaat?
 4. 'n Begroting vir een jaar?
 5. Watter oefentye en geriewe word benodig?
 - Die beheerliggaam sal na aanleiding van die voorlegging besluit of die kode aanpasbaar is by die skool se sport. Indien die sport wel paslik is, mag die beheerliggaam dit byvoeg by die bestaande kodes of 'n sport vervang wat nie die bestaande kriteria so goed kan volg soos die nuwe voorgestelde sport nie.

Geteken te Laerskool Hendrik Louw, Strand op hierdie 23ste dag of Februarie 2026.



Beheerliggaamvoorsitter



Skoolhoof